# OOM SONNIE SE STUKKE



**HI, SONLANDERS!**
**Geniet nou die slothoofstuk van ESME CUPIDO se jongste vervolgverhaal, "Oorwinning oor Wraak".**

# Debbie vergewe Henry en smeek self om vergifnis



DEBBIE dink aan die gesprek wat sy vroeër vanaand met oom Haantjie, Craig se pa, gehad het.

"Was hy weer daar gewees?" wou sy wrewelrig weet.

"W-wie?"

"Oom weet van wie ek praat. Henry Alberts. Het hy weer kom plant en bou en herstel? Sy skuldgevoelens kom loskoop?" Sy was vies vir haarself nadat sy van ant Mollie afgekom het. Sy het daar sit en ginnegaap asof hulle vriende is.

Sy ken ant Mollie se hele familiegeskiedenis vanaf oer-oupa Cornelis wat van Engeland kom tot by Nonnie se seun, Mannetjies, wat so gruwelik is. Toe sy uitvind Debbie is 'n weeskind, het sy besluit Debbie moet elke Sondag by haar kom eet.

"Uhm, Debbie, dit baat nie. Craig is nie meer met ons nie. Ons moet aanbeweeg. Ons moet uhm... vergewe," het oom Haantjie gesê.

"Nee! Hy het Craig van ons weggevat.

Hy moet boet daarvoor, oom Haantjie."

## Klaar vergewe

"Debbie, ons laat die gereg sy gang loop. Hy moet volgende week in die hof voorkom.

"Ek het hom klaar vergewe. Jy moet ook. Dis wat Craig sou..."

Sy druk die foon dood. Oom Haantjie is nie aan haar kant nie.

Sy het rondgerol, later opgestaan. Sy het swartsakke gaan haal, Craig se klere uit die kaste gehaal en netjies in die sakke gepak. Sy gaan dit aan die haweloses uitdeel wat teen die rivier bly. Dis wat Craig sou wou gehad het. Sou Craig ook wou gehad het dat sy moet... vergewe?

Sedert sy dood het sy vir ant Mollie ontmoet en haar bure, vir Tollie en klein Phillie. En vir Henry. Sy kan nie vir ewig na hul huise gaan met 'n agenda nie. Sy wou Henry seermaak, soos hy haar seergemaak het, nie die ander nie. Die volgende oggend weet sy wat om te doen. Sy gaan Henry van Craig vertel en dan aanbeweeg met haar lewe. Die weer lyk donker, asof daar reën op pad is, sien sy toe die hek oopgaan en sy stadig by Henry se oprit inry. Sy het nooit gisteraand haar wasgoed van die draad afgehaal nie. Sy trap vinnig rem toe sy teen iets stamp.

Sy sien hoe Nonnie van die stoep gehardloop kom en sy ruk haar kardeur oop. Skok verlam haar lyf toe sy Phillie soos 'n spierwit poppie sien lê.

"Phillie!" gil Nonnie.

Debbie is nie in staat om te beweeg nie. Haar oë is stokstyf, sy staar na die bleek gesig van die kind, die bloed wat teen haar kop afloop.

Nonnie gaan lê langs Phillie. "Ag hemeltjie tog, my Phillie," snik sy.

Dít kry Debbie aan die beweeg, sy soek vervaard na haar handsak, ruk die foon uit en soek na noodnommers. Haar vingers voel dom, en sy sukkel om uit te figure watter die belknoppie is. Toe sy uiteindelik met iemand praat, gee sy saaklik die adres en sê wat die situasie is.

> "Jy't my kind doelbewus gestamp omdat jy my wou terugkry"

Sy buk by Phillie en voel haar sterk polsslag. "Nonnie, gaan kry 'n kombers asseblief. En bel Phillie se pa."

Die ambulans is gou daar. Hulle assesseer die kind se toestand en stel haar gerus. "Dit lyk asof sy 'n ligte stamp teen die kop gekry het, gelukkig het u baie stadig gery."

"Ek is so jammer, mnr. Edwards ... Henry. Ek-ek het haar regtig nie gesien nie."

"Kom ry saam met my hospitaal toe," sê hy haastig.

"Ek het haar nie gesien nie, ek belowe."

"Debbie, ek weet. Jy sou nie aspris vir Phillie raakry nie. Nes ek vir Craig Solomons nie wou raakry nie."

"Henry, ek wil jou juis-"

"Hier is ons. Kom."

Ná minder as 'n uur se heen en weer stap, kom sê die verpleegster hulle kan vir Phillie sien. Sy het intussen haar bewussyn herwin en is baie bly om haar pa en Debbie te sien. Sy lyk nog bleek en het 'n verband om haar kop, maar die dokter is tevrede. "Ons hou haar nog 'n dag of twee vir waarneming."

"Jy't ons laat skrik, pumpkin," sê Henry en soen sy dogter op haar wang.

"Ek het my unicorn gesoek, Daddy."

Debbie neem Phillie se handjies. "Toemaar liefie. Nonnie het jou unicorn veilig gebêre."

"Ek moet jou iets vertel, Henry," sê Debbie toe hulle later huis toe ry. "Craig Bester was my verloofde."

Hy sê niks, dat sy wonder of hy haar gehoor het.

"Ek sê..."

"So, jy wou wraak neem. Jy het doelbewus my kind gestamp omdat jy my wou terugkry."

"Nee! Ek bedoel ja, ek wou jou terugkry op 'n stadium, maar..."

"Nou maak alles sin. Jy was té toevallig oral waar ek was. By mense wat ek ken. By die begraafplaas. Jou kortaf houding. Jy wou wraak neem," sê hy weer.

"Henry. Ek sou nooit doelbewus vir Phillie seermaak nie. Jy moet my glo," pleit sy.

Debbie sit in ongeloof. Hoe het dit gebeur dat sy nou die een is wat moet pleit vir vergifnis, dat sy die een is wat moet verduidelik?

By die huis stop hy. "Ek wil jou nie weer sien nie. Los my en my familie af." Hy klim uit en stryk vinnig aan na die stoep.

"Henry!" Hy kyk nie weer om nie.

Die trane loop oor haar wange. By die flat gekom, kan sy nie rus kry nie. Sy dwaal in elke vertrek en soek Craig se geliefkoosde plekkies op waar hy altyd gesit het.

## Troosteloos

Uiteindelik gaan sit sy op die groen fluweelstoel voor die skuifdeur, die stoel wat hy eendag vir haar by 'n tweedehandse winkel gekoop het. Sy kyk uit oor die tuin en sien hoe haar wasgoed troosteloos in die reën hang. So troosteloos soos sy voel. Nou mis sy Craig meer as ooit.

Gaan terug en maak reg, dis wat sy moet doen.

Sy ry na 'n speelgoedwinkel en kry 'n pragtige pienk unicorn vir Phillie. Daarna gaan wag sy vir die besoektyd. Sy moes aan die slaap geraak het, toe sy om haar kyk, sien sy dis skemer. Sy draf deur poele water en kom uitasem by Phillie se kamer aan.

Die kind se gesig blom toe sy vir Debbie met die sagte speelding sien. "Ant Debbie!"

Henry groet stroef en bied die stoel vir haar aan. Die kind lag en gesels en speel met haar nuwe unicorn, nie bewus van die spanning tussen die grootmense nie.

Ná besoektyd, toe Henry vinnig aanstap na sy motor, roep sy hom.

"Henry! Deur 'n tragiese gebeurtenis ek jou en jou mense ontmoet. Aan die begin wou ek wraak neem, ja. Maar dit sou nie wees om enige van julle letterlik seer te maak nie. Ek het nie geweet wat om te dink nie. Maar ek glo jou."

"En wat Craig betref, ek het jou vergewe, want haat en wraak is net 'n swaar juk wat 'n mens met jou saamdra en die mooi in die lewe laat miskyk."

■ **Die Einde**

**Wat dink jy van hierdie storie? Enige voorstelle? SMS na 32369**


**IS U OF IEMAND WAT U KEN BESEER IN 'N MOTOR VOERTUIG ONGELUK? INDIEN U HULP NODIG HET, KAN ONS HELP.**

Kontak KRUGER & KIE PROKUREURS op 021 930 5530 of WhatsApp 0634964253 om 'n gratis konsultasie te reël.

Ons werk op 'n geen sukses - geen fooi basis!

Geen prokureur en kliënt verhouding bestaan alvorens daar 'n ooreenkoms tussen die partye onderteken is nie.

X1XHMHMH-ES071222

**SUKKEL U OM DIREK VAN DIE PADONGELUKKEFONDS TE EIS?**

Ons kan help om toe te sien dat u 'n behoorlike uitbetaling ontvang. Ons kan u bystaan om 'n Sassa toelaag te kry terwyl u wag

Kontak asseblief KRUGER & KIE PROKUREURS op 021 930 5530 of WhatsApp 063 496 4253 om 'n gratis konsultasie te reël

Ons werk op 'n geen sukses-geen fooi basis.

Geen prokureur en kliënt verhouding bestaan alvorens daar 'n ooreenkoms tussen die partye onderteken is nie.

X1XHMG0D-ES021222